Waarin skiet die huidige geskiedskrywing en -vorsing kort? Allereers waar dit 'n te geringe belangstelling vir die mens as sentrale objek van die geskiedskrywing en -vorsing betref, verder waar ons onsself nie voldoende beywer om tot integrale geskiedskrywing te kom nie. Dan verwaarloos ons die studie van historiese prosesse, waarin die wordende tot uiting kom (bl. 30-31). Die skrywer noem nog meer tekortkominge, verklaar verder dat hy geen breuk met die verlede vra nie, maar wel 'n verruiming van die veld van ondersoek, wat aansluit by die veranderings wat die geskiedbelewing ondergaan in 'n tydperk wat vir die mensheid kritiek is (bl. 85).

Hy gee 'n viertal moontlikhede waarin die studie van geskiedenis ook in ons tyd 'n dienende funksie kan bly vervul (bl. 101-102).

Afgesien van hierdie wekroep in verband met vernuwing en aanpassing is prof. Bouman se studie van belang omdat hy die opvattings van 'n groot aantal denkers op die gebied van die geskiedenis bespreek. Ons noem o.m. Huizinga, Geyl, Febvre en Bloch (die laasgenoemdes is verteenwoordigers van die nuwe rigting wat die skrywer voorstaan). Op daardie wyse maak die belangstellende student kennis met heelwat meer aspekte en opvattings as wat die titel van die werk aanvanklik laat vermoed. Dit is veral hoofstukke 3 (*geskiedskrywing en -vorsing, aarseling en terugtog*), 4 (*geskieduitbeelding*) en 5 (*geskiedbelewing*) wat baie stof tot nadenke verskaf. Ook in die volgende hoofstuk, waar die grense van die wetenskap bespreek en terselfdertyd nuwe uitsigte gestel word, is uiters belangrik. Ons sal graag hierdie werk in besit sien van hulle wat tydens hul akademiese opleiding op hierdie aspekte sal ingaan.

Jan Ploeger.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. *Burman, Jose*: Safe to the Sea, R1.85, pp. 166, Human en Rousseau, Kaapstad, 1962.
2. *Havighurst, Alfred F.*: Twentieth Century Britain, $7.90, pp. XII, 486, Harper and Brothers, New York, 1962.
3. *Jelusich Mirko*, Die leeu en die wolwe: Die verhaal van Hannibal, vertaal deur O. Rode, R1.30, pp. 145, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.
4. *Lantern*, Jaargang II, Vol. II, No. 4, April-Junie 1962. (The Federal Republic of Germany).
5. *Oliver, Roland and Fage, J. D.*: A Short History of Africa, 5/-.
6. *Schumann, T. E. W.*: Die Abdikasie van die Witman, R2.50 pp. 248, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.
7. *Stephenson, Carl*, edited and revised by Bryce Lyon: Medieval History, $8.75, pp. XXIV, 639, Harper and Brothers, New York, 1962.
8. *Van Jaarsveld, F. A.*: Lewende verlede, R3.00, pp. 258, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.
9. *Wolf, John B.*: The emergence of European Civilization, $7.50, pp. XI, 751, Harper and Brothers, New York, 1962.